

Mat 10:32 "Stand up for me against world opinion and I'll stand up for you before my Father in heaven!"

A Special Word to start this Week..

Keep looking up, and refuse to allow discouragement to keep you from breakthrough. There are things over which you have no control, things that are beyond your level of responsibility and authority. These are the circumstances that you need to release to Me, says the Lord. That means you must let go completely. Otherwise, your thoughts and emotions concerning these issues only hinder the work of My Spirit. Answers and breakthrough will come as You seek Me, and I will give you peace when you trust Me. *(Spirit of Prophecy)*



Isaiah 26:3 *You will keep him in perfect peace, whose mind is stayed on You, because he trusts in You.*

AGS Hartswater aan die kook vir die Koning!! **Worship Workshop 21-24 Jan 2010**



Die Kruispad span het Donderdag 21 Jan in die pad gespring Hartswater toe na deeglike voorbereiding en gebed om die AGS Hartswater te gaan bedien, te bekragtig en aanbidders op te rig wat kan hardloop met die Vuur van God se Heilige Gees! Ons sê baie dankie vir Past Sampie en Hanna Cronje wat sedert Oktober 2009 die leierskap oorgeneem het by hierdie kosbare gemeente vir hul vertroue in ons. Hulle doen 'n groot werk in Hartswater en ons weet dat AGS Hartswater is bevoorreg om hierdie man en vrou van God as leiers te hê!

Wel dit was 4 dae van intense, effektiewe, doelgerigte opleiding in elke departement van die Worship Team van hul gemeente. Ons het gelag, geworry, gehuil en sommer net die liefde onder hierdie klomp worshippers ingedrink! Hulle het ALLES ingesit sodat die Here elkeen se potensiaal kon verdubbel!

WONDERWERKE!! Ons het wonderwerke voor ons oë sien gebeur!! Terwyl Francois besig was met opleiding en die behoeftes aangespreek het wat betref hul klanktoerusting, het die Here die sluise oopgetrek en teen Sondag is hierdie gemeente gebless met omtrent R30000 se toerusting! Ons kon nie beskryf hoe dankbaar ons was vir wat die Here vir hierdie gemeente gedoen het in so 'n kort tydjie nie.

Dankie aan die hele span wat ons met soveel liefde en respek ontvang het, bederf en 'n **LEERBARE** gees geopenbaar het. Monica (worship leader) het regtig uit haar pad gegaan om alles vir ons voor te berei en ons tuis te laat voel.

ONS VERTROU DIE HERE DAT ONS BINNEKORT WEER SAL GAAN KUIER!

Gaan gerus na ons webtuiste www.crossroad-ministries.co.za (klik op **WORSHIP**) vir meer fotos en nuus!

WORSHIP WORKSHOPS VIR ALLE GEMEENTES!

Indien u gemeente graag wil hê dat ons 'n soortgelyke werkwinkel by u moet kom aanbied, kontak ons gerus! Ons wil graag gemeentes regoor ons land ondersteun in een van die belangrikste opdragte wat ons as mesn op aarde het... **OM GOD TE AANBID IN GEES EN IN WAARHEID!** Om die salwing te ervaar en te sien hoe die Here tydens aanbidding mense se lewens aanraak, verander en genees!

Ons workshops sluit in:

- 1) Volledige opleiding op **KLANK & MULTI-MEDIA**
- 2) Om Worship leiers op te rig en toe te rus
- 3) Voorsangers op te rig en vaardighede te leer
- 4) Musikante op te rig, toe te rus en te leer om in spanverband te speel
- 5) NB !! Sensitiwiteit vir die vloei van die Heilige Gees
- 6) Eenheid te bevorder onder die worship team
- 7) Konflik hantering en om probleme aan te spreek en oplossings te vind
- 8) Interaksies tussen mekaar en die pastoor van die gemeente
- 9) Wat ook al die Here op ons harte lê wat hanteer moet word!



Kontak Francois of René by 079 498 6099 of (018) 484 1269

My Spirit is upon My Daughters..”

Profetiese Aanbiddingskamp vir Vroue

30 April - 2 Mei 2010

Deo Gloria Kampgronde, Barkley-Wes

Kostes R350.00 (geen borge tans beskikbaar, u kan elke maand solank inbetaal – 3 mnde tyd!)

Georganiseerde Danse is beperk. Kontak René 2 mnde vooraf! Fokus op **PROFETIESE**

AANBIDDING (worship team: Francois & René)

OPEN SESSIONS vir spesiale bediening/vrae en antwoorde van Bo! Beperkte plekke, **Slegs vroue!**

Bespreek aanlyn: www.crossroad-ministries.co.za of skakel René by (018) 484-1269 / 073 258 2688



“INSPIRIT” gaan ons bedien vir die Vrydagaand! Hulle het 'n awesome salwing op hul sang en ons het tydens die Worship Workshop in Hartwater hierdie kosbare groep mense ontmoet. Ons weet hulle is deur God oor ons pad gestuur en elke vrou wat by die kamp gaan wees, sal bedien word in die gees deur hul bediening! **“Dankie Thea dat julle bereid is om te kom!”**

PROFESSIONELE VIDEO RELEASE tydens vrouekamp! Ons is tans in onderhandelings met **FSP Productions** om vir ons 'n professionele DVD opname te kom doen tydens hierdie kamp! Bid ook dat ons die nodige finansies sal inkry, want ons wil dit gebruik vir promosie doeleindes om ons aanbiddingspan en styl van aanbidding aan gemeentes voor te stel. Ons weet die Here wil hierdeur ook mense op rig wat betref aanbidding! Ons glo dit sal vir engeen 'n **BLESSING** wees!



"It is Time!" Kamp in Nelspruit 29-31 Mei 2010

Metanoia Kampgronde

Ons het verlede jaar 'n Faith Warrior kamp by hierdie einste kampgronde aangebied wat deur 'n Anita Sauer (middel op foto) gereël. Dit was 'n wonderlike belewenis (met die lekkerste kos!) en



nou maak ons hierdie jaar weer so! Anita is al klaar aan die reël en ons TEMA vir die kamp word breedvoerig op ons webtuiste bespreek. Ons spreek hartsake en probleme aan wat in 'n tyd soos NOU soveel impak maak op mense se lewens, verwoesting wat gesaai word deur die vyand, ons beantwoord vrae en soek die ware antwoorde in God se teenwoordigheid!

Hou hierdie spasie dop vir verdere inligting of besoek ons webtuiste (KAMPE) vir meer inligting.

Vir besprekings kan julle nou al vir **Anita Sauer skakel by 083 288 9398 of Face Book haar gerus!**

Quenita (lings op foto) en Theona (haar ma) het ons verras met haar besoek aan Klerksdorp die naweek en ons het die hele Wimpy omgedop!! Dankie sus vir die groot blessing!

"The last round of attacks from the devil have left many of you fractured and disoriented. But you, My people, must begin to look up again. Put your hope and faith in Me, says the Lord. When you begin to seek My face in earnest, I will release a powerful move of My Spirit to bring healing and restoration to you both individually and corporately. Put your trust in Me.

Jeremiah 39:18 "For I will surely deliver you, and you shall not fall by the sword; but your life shall be as a prize to you, because you have put your trust in Me," says the LORD."



Dankie vir jul gebede, ek voel soos 'n nuwe mens!

My toetse het teruggekom en alles is 100%. My onderaktiewe skildklier is maar die groot oorsaak gewees van my totale moegheid, en ander probleme in my liggaam. My medikasie is aangepas en ek begin werklik voel dat ek elke dag weer beter en beter voel. Dankie aan elkeen wat vir my bid en ook vir jul ondersteuning om diemediese kostes te dek. Dit beteken meer as wat julle kan dink. Dis so wonderlik om vir 'n Pa te werk wat in AL jou behoeftes kan en wil voorsien! Ek wil vir my dogter Sonjatjie (op foto) baie dankie sê vir haar hulp en bystand. Sy het my plek in ons kantoor en huis volgestaan en 'n awesome job daarvan gedoen! Dankie my engel-dogter!



PLACE OF RESTORATION SKEP WEER MOED!

Dit was sedert Junie 2009 doodstil op Makwassie se grond en ons het amper moedeloos begin raak, want God se Koninkryk soek finansies en ons moes maar net geduldig wag en vertrou. Ons het egter besluit om in Jan 2010 moed

te skep soos in Haggai 2, want ons besef die groot werk wat wag op Plek van Restorasie. Veral omdat ons hierdie afgelope 6 maande met soveel flenter mense gewek het, huwelike wat uitmekaar val, kinders en grootmense wat in die greep van dwelms, alkohol, pornografie en en val. As ons sien hoe die vyand besig is om te lieg, te

slag, te steel en te verwoes, MOET ons hierdie geveg aanvat en ons wapenrusting bietjie afstof! Ons kan nie toelaat dat alles net hand uit ruk nie.

Daarom pleit ons by elkeen wat nou hier lees... **BID asb dat die vyand NIE hierdie projek sal probeer stop deur finansies weg te hou nie, maar kom ons bind die guns, voorsiening en oorvloed VAS AAN Place of Restoration volgens Jesaja 60!**

Ons gaan DV Dinsdag (2/2) vir 2 dae afsonder of Makwassie en doen wat ons kan en vertrou die Here vir 'n BONATUURLIKE ingryping. Die vyand weet wat hierdie plek vir mense se lewens gaan doen en beteken en daarom probeer hy alles om dit in die wiele te ry en ons moedeloos te maak. Ons SAL nie gaan lê nie, ons sal OPSTAAN en MOED skep en WERK, want ons HEERLIKHEID SAL GROTER wees as voorheen. Amen!



Wat dryf jou Lewe??? Boodskap Sondag 31 Jan



Word jy gedryf deur:

- 1) Skuldgevoelens oor iets wat jy gedoen het en jy jousef straf en verhinder om God se doel vir jou lewe te bereik?
- 2) Vrees agv traumatiese ervarings en nou is jy te bang om in die geloof uit te waag?
- 3) Materialisme wat jy dink vir jou geluk, status en sekuriteit sal bring?
- 4) Behoeftes aan Erkenning omdat jy nooit goed genoeg was vir jou ouers, vriende of lewensmaat nie?

Hierdie boodskap was werklik uit die hart van God Sondag by ons twee weeklikse church run vir die NW Bikers church en die Heilige Gees het vir Francois inspireer om 'n ernstige vermaning te bring aan Sy kinders wat gevang word deur hierdie kragte wat ons soms wil dryf.



Indien u hierdie boodskap wil download, gaan na ons webtuiste toe en klik op TEACHINGS. Die afgelope 3 maande se boodskappe is op Power Point beskikbaar.



AS JY 'N BIKER IS EN GRAAG ONS 'N BIKERS NEWSLETTER WIL ONTVANG OP 'N TWEE-WEEKLIKSE BASIS, REPLY AS TERUG OP ONS E-POS ADRES!



KOM ONS VEG TERUG MET ONS FINANSIES!!!

Ons kry elke dag e-posse van Moslem propaganda wat ons dreig dat hulle die wêreld se godsdienste en geldstelsel gaan oorneem en ons as kinders van die Lig, wat die Waarheid ken en glo in die Vader, Seun en Heilige Gees, sal nou meer as ooit moet opstaan en ons grondgebied invat!

Ons loof die Here vir konings wat ons bediening rugsteun teen hierdie opposisie, want sonder finansies kan ons nie die Evangelie verkondig sodat mense deur die Heilige Gees oortuig word dat daar net EEN WARE God is nie. Valse profete met valse leerstellings skiet op soos mushrooms en ons kan nie net sit en toekyk nie!

As u gelei voel om ons bediening te ondersteun per maand van so min as R55 (grace upin grace), kontak ons asb of vul net die aangehegte vorm in en faks dit na 086 622 5363 ASB!

**CROSSROAD GOSPEL MESSAGE
FIRST NATIONAL BANK – 230102
CHEQUE A/C: 62016730865**